

17 Februarie

Johannes 20:19-31

(Teks: 20:28)

Jesus is ook my Here!

Meteen het Tomas geweet Alles oor Jesus is waar! Self ooggetuie van al die gebeure - gevangeneming, verhore, kruisiging... begrafnis. En toe vertel die vroue en ander dissipels van Jesus se opstanding... hy glo nie voor hy dit gesien het nie.

En nou staan Jesus in hul midde. Hy praat met Tomas: "Bring jou vinger... steek dit in die wonde... glo!"

Meteen het Tomas geweet: Alles oor Jesus is waar!

En al wat hy kon uitkry, was: "My Here en my God".

Hy het geweet wat die woord "Here" beteken toe hy dit sê. Dit was immers die titel van die keiser. Hy het geweet hy behoort aan Christus.

Hy't geweet: Alles oor Jesus is waar!

- Ook hy, Tomas, is losgekoop deur Jesus se bloed.
- Satan het reg op sy lewe verloor.
- Christus het reg op sy lewe.
- Hy is kind van God ter wille van die lewende Jesus.

Die uit-die-dood-opgestane Jesus lewe!

Hy is die verheerlike Here!

Nie meer twyfel nie, want ek weet ook aan wie ek behoort. Die Heilige Gees het my oortuig. Ek glo, al het ek nie gesien nie. En nou weet ek ook hoe om te lewe, want soos Paulus vra ek elke dag: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Jesus is my Here en my God! 'n Ryke troos in lewe en dood. Lewe dan ook uit die geloof soos iemand wat die Here gesien het... totdat u Hom op die wolke gaan sien!

Sing Ps. 145:1

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)